

### 3 Augustus Openbaring 11:1-14, (Teks: 11:3-4)

#### ***God se woord hou die geloof in stand***

In Openbaring 11 sien ons dat die Kerk en die gelowiges in die laaste dae voor die wederkoms oënskynlik nie meer gaan bestaan nie. Dat die Kerk ondergronds sal moet beweeg. Dit mag wees dat daar in die laaste dae 'n verwoede vervolging teen die kinders van die Here gaan uitbars, maar lees 'n mens die hele Openbaringsboek baie noukeurig, lyk dit meer waarskynlik dat dit 'n groot afvalligheid gaan wees wat die Kerk en die gelowiges se stem in die wêreld gaan stilmaak.

Lees en hoor ons dan nie alreeds hoedat teoloë uitsprake maak waarin die Godheid van Jesus Christus en sy opstanding uit die dood betwyfel word nie? In hierdie "nuwe era" van die jaar tweeduisend, wat ons nou binnegaan, word die Christendom al meer irrelevant gemaak deur uitsprake van selfs kerkmense, naamlik dat Jesus Christus maar slegs een van die maniere is hoedat 'n mens verlossing by God kan verkry.

Wat word dan nou van die Kerk van die Here? Waarom skryf Johannes hier in Openbaring 11 van slegs twee getuies, twee lampe wat voor die Here van die aarde staan? Wat het van die ander vyf lampe geword waartussen Johannes ons Here Jesus in Openbaring 1:13 sien staan het? waarom het vyf lampe (simbolies vyf uit sewe gemeentes) se lig ophou brand?

Die twee getuies wat oorgebly het, is nie net lampe nie, maar ook olyfbome. Olyfbome is die bron van die olie wat die lig helder laat brand. God se Woord is die olie wat die lig van die Heilige Gees in jou binneste helder laat brand. Die gemeentes en die gelowiges wat nie die Bybel as enigste bron het nie, se lig verflou en brand uit.

Die gemeente, die gelowiges wat in die jaar tweeduisend nog 'n relevante getuie van Jesus Christus gaan wees, is getrou aan God se Woord. Hou God se Woord jónu geloof in stand?

Sing: Skrifberyming 45:1,12

Ds. L.C. Scheepers (Sannieshof)